

Wiskunde



BESKRYWING VAN DIE VAK:

Wiskunde is 'n taal wat gebruik maak van simbole en notasies om numeriese, meetkundige en grafiese verwantskappe te beskryf. Dit is 'n menslike aktiwiteit wat waarneming, voorstelling en ondersoek na patrone en kwalitatiewe verwantskappe in fisiese en maatskaplike verskynsels, sowel as tussen wiskundige voorwerpe behels. Dit help met die ontwikkelingsproses wat besluitneming ten opsigte van logiese en kritiese denke, akkuraatheid en probleemoplossing sal bevorder. Wiskundige probleemoplossing stel ons in staat om die wêreld (fisies, maatskaplik en ekonomies) te verstaan en bowenal leer dit ons om vindingryk te dink. Wiskunde is nie net 'n verstaan vak nie, maar 'n leer vak. Formule toepassing, praktiese stappe en die gebruik van stellings benodig begryping vir toepassing.

KOSTER
GEKOMBINEERDE SKOOL



INHOUD VAN DIE VAK:

- Algebra
- Differensiasies
- Getalgestelsels
- Getalpatrone
- Funksies
- Finansies
- Waarskynlikheid
- Euklidiese Meetkunde
- Analitiese Meetkunde
- Trigonometrie

VAARDIGHED E WAT ONTWIKKEL WORD:

Om bedrewenheid in rekenvaardighede te ontwikkel, sonder om op die gebruik van sakrekenaars staat te maak. Om aan leeders die geleentheid te bied om te ontwikkel, om stelselmatig te wees, te kan veralgemeen, veronderstellings te maak en dit te prober regverdig of te bewys. Om in staat te wees om die getalgestelsels te verstaan en daarmee te kan werk. Om logika, probleemoplossing en denkvaardighede te ontwikkel. Om leeders voor te berei vir verdere studie en opleiding, sowel as vir die arbeidsmark.